



MARTHIE DE BRUIN AKADEMIE VRYWARINGSVORM

Ek bevestig hiermee dat ek, die ondergetekende, of my minderjarige kind, geen eise sal instel nie ten aansien van enige skade berokken of van watter ander rede ookal, teen Marthie de Bruin Akademie, die Akademie se werknemers, terapeute, onderwyseresse of helpers, wat mag voortvloei uit die dood, beserings en/of skade aan eiendom veroorsaak deur nalatigheid, of andersins, deur van enige van bogenoemde persone, en doen hiermee onherroeplik afstand en laat vaar enige sodanige eise. Verder bevestig ek dat hierdie afstanddoening bindend sal wees op my boedel, eksekuteur, afhanklikes of regsverkrygendes, en dat Marthie de Bruin Akademie, die se werknemers en enige van die voorafgaande persone hiermee gevrywaar word teen enige aanspreeklikheid of eise.

Hiermee vrywaar ek Marthie de Bruin Akademie, die se werknemers of enige van die voorafgaande persone en stel elkeen van hulle skadeloos teen eise, verliese, opeisings, aanspreeklikheid, kostes en uitgawes, van watter aard ookal (insluitende regskostes) wat teen die Akademie, die se werknemers of enige van die voormelde persone hoegenaamd ingestel mag word weens enige nalatige handeling of versuim, van watter aard ookal, aan my kant.

Hiermee erken ek dat my kind op eie risiko van Marthie de Bruin Akademie gebruik maak, en dat ek en my kind ons neerlê by die reëls en regulasies van die Akademie, wat ek bevestig ek gelees het en wat ek verklaar ten volle bindend op my en my kind sal wees.

Ek stem saam dat die fotografiese en / of video materiaal wat geneem word gedurende aktiwiteite van die akademie gebruik mag word vir opleiding en publisiteit.

.....
OUER OF NATUURLIKE OF WETTIGE VOOG

.....
DATUM